Vrouediens – 14 Augustus 2018 - Barmhartigheid het geen grense nie!

“Barmhartigheid beteken aksie – nie emosie nie. Dit kom daarop neer om langs iemand wat in nood is te kom met die bedoeling om sy/haar las te deel en om ander te dien. Sulke barmhartigheid kom nie natuurlik nie; dit moet aangeleer word. Ons moet ons lewe aan Christus oorgee sodat die Heilige Gees in ons die begeerte kan bewerk om ander te dien.”

Met hierdie woorde het Stefné van Dyk die vroue by die Vrouediensbyeenkoms opnuut herinner en geïnspireer tot die uitvoering van die Goddelike opdrag in Ef 2:10 - God het ons in Jesus Christus geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

Stefné het die eenvoudige waarhede oor die suurstof in ons longe wat vir ons lewe gee en die groot genade van God se troue sorg en God se bewaring van ons gees onderstreep. Die vraag: Wat doen jy met die guns van God wat jy ontvang het, het almal tot diepe selfondersoek gestem.

Sy sê: Barmhartigheid is om ander menswaardig te behandel. Jy bemagtig mense deur hulle vaardighede te laat bekom. Raak betrokke by jou huishulp en tuinman se gesondheid en lief en leed.

Stefné se opregte en pretensielose aanslag het soveel aanklank gevind by die gehoor. Die vroue het behoorlik aan haar lippe gehang. Elkeen kon identifiseer met die struikelblokke wat dikwels in ons pad staan om ons lig te laat skyn. Veral die *Ek is afgetree en moet nou die lewe geniet en ontspan* het getref!

Baie dankie aan almal wat saamgewerk en saam gekuier het om as gemeentevroue saam die Here te prys en te dien.

GEMEENTENUUS

NG KERK KLEINMOND

September 2018

In my is daar donkerte;
by U is daar lig.
Ek is eensaam;
U verlaat my nie.
Ek voel nietig en bang;
U laat my nie alleen nie.
Ek is rusteloos;
by U is daar vrede.
Ek vind bitterheid in my hart;
U leer my geduld.
U weë is vir my onbegryplik;
U ken die pad waarop ek gaan.

- Dietrich Bonhoeffer -

Hoe bewys ons Barmhartigheid?

‘n Maatskaplike werker
het haar hulp gratis aangebied by Fynbos in samewerking met “Kleinmond Social Welfare for Elderly People” (KSWEP)”. Sy is Anita Olivari ‘n geregistreerde maatskaplike werker met meer as 40 jaar diens. Sy sal Dinsdae, Woensdae en Donderdae beskikbaar wees. Fynbos het ook aan haar ‘n fasiliteit beskikbaar gestel waar kliënte kan aanmeld.. Verwysings moet asseblief via een van die leraars geskied of die Voorsitter van Diens van Barmhartigheid.

Kospakkies/ Sparkaarte Sparkaarthouers
staan nou op 34 persone. ‘n Kospakkie word verskaf as daar navraag is.

Die begroting en inkomste van die Omgee Boetiek het dit moontlik gemaak dat ons vir Spar-kaarthouers elk ‘n verhoging van R50 kon toestaan na die 18% BTW styging en verhoogde pryse in kruideniersware. Die toekennings is soos volg: R200-00 per maand vir een persoon; R250-00 per maand vir twee persone en vir drie en meer in ‘n gesin is dit R300-00.

Breiprojek
Daar word dikwels by Hermanus Provinsiale Hospitaal gebreide artikels, wat in ‘n geskenk pak opgemaak word, aan moeders gegee na die geboorte van hul kind. Al die kleuterskole in Kleinmond het die jaar ook gebreide artikels ontvang. Indien ‘n versoek ontvang word, word artikels volgens behoefte uitgedeel.

Overstrand Jeugsorgsentrum
Daar is 17 seuns in die sentrum en 5 dogters in die sentrum. By die werkklas van Vrydae is daar nou 5 kinders van die sentrum en vyf van die dorp. Vyf van die groter kinders maak laslap komberse. Hulle is al baie ervare met die naaimasjien. Die ander vyf brei en doen tolletjiewerk..

Skoleprojek
Die skool rapporteer dat die toebroodjies wat daagliks verskaf word, ‘n groot bron van vreugde is om die hongerte te stil.

Klereprojek/ Omgee Boetiek
Vanaf Maart tot Junie 2018 is die bedrag van R14 845-00 geïn by die Omgee Boetiek. Klere kan geskenk word en u kan self ook koop op Maandae en Vrydae tussen 10 en 12 by Fynbos.

Skole-projek
Hulp met skoolfonds, koshuisgeld en busgeld word gegee waar nodig.

Alimentasie
Skoolklere en doeke is voorsien waar nodig. ‘n Huis is ook skoon gemaak en fondse is beskikbaar gestel vir ‘n versorger. ‘n Eenmalige bydrae is gemaak vir huishuur vir ‘n kankerpasiënt.

As u betrokke wil raak, kan Mariëtte gebel word (082 377 4696)

Jy kan nie ’n ander met jou
dankbaarheid betaal nie.
Al wat jy kan doen,
Is om eendag
Vir iemand anders in die lewe
te doen en te wees
wat die een vir jou was.

- Ann Marrow Lindenbergh -